

24 Maart

Skrifgedeelte: Romeine 5:1-4

Fokusgedeelte: Romeine 5:1

Lewe uit die geloof

Wanneer kry 'n mens daardie vaste sekerheid dat jou saak met God wel reg is? Wie kon al ooit bo uitkom, terugkyk op sy lewe en tevrede dankliedere sing? Nee, alleen in en deur Christus se lyde en sterwe vir ons het ons vrye toegang tot Gods genade gekry. Ons staan klaar vir ewig vas geanker by God en niemand kan hierdie vrede meer van ons wegvat nie.

Hou in die hoogtes en dieptes van jou lewe aan hierdie vrede met God vas. Dan het jy 'n antwoord op al daardie wisselende emosies, gedurige swaarkry en mislukkings wat ons laat voel ons dryf weg. Wys vir die wêreld dat daar 'n sekere vrede in ons sit wat deur niks van ons geroof kan word nie. Kan ander aan jou sien dat God hierdie kruik vol hou in jou lewe?

Sing: Psalm 32:1 (p. 151)

Dr. JL Venter (Pretoria-Annlin)